AFRIKAANS HUISTAAL

GRAAD 4 – Mev. E. van der Westhuizen



NOTA AAN LEERDERS:

- Hallo julle! Baie dankie vir al julle harde werk daar by die huis! Ek sien sommer baie uit om na al julle inperkingstories te luister!
- Hier volg Week 2 se werk! Moed hou! Bly by die huis en bly veilig!
- Lekker werk! Dink aan julle!

****

DAG	TEMA	WEEK	AFDELING	OPDRAG en AKTWITEIT	
6	6 – Sambrele	2	Luister en praat Tref met taal: Idiome	**Luister** na 'n weerberig oor die radio **<u>of</u> kyk** na 'n weerberig op die televisie (vandag/môre) **Hersien** en **leer** idiome op gegewe bladsye.	**Luister/Kyk** na 'n weerberig. **Hersien** kwartaal 1 se idiome en betekenisse op bl. 2, 12, 22, 32, 42 in jou Platinum handboek. **Leer** idiome en betekenisse op bl. 52.
7			Skryf 'n toespraak.	Skryf 'n toespraak. Verwys na bl. 12: Kenmerke van 'n toespraak. Datum van optrede sal deurgegee word sodra skole heropen, leer dit net solank. Jou toespraak moet 2 – 4 minute lank wees.	Jy kan **een** van die volgende temas kies: 1. Corona-virus (Covid-19) 2. Wanneer die bedgoggas uitkom 3. Gunsteling gereg tydens die inperkingstyd en hoekom dit lekker/spesiaal was. 4. As ek iets kon sê … 5. My lekkerste seisoen

8			Lees en kyk bl. 53	Lees die stukkie op bl. 53 oor die kenmerke van ‘n kaart. Ken die verskil tussen soeklees en vluglees.	Beantwoord Teks 1, Post-lees bl. 54 nr. 1 - 8
9	6 - Sambrele	1	Taalfokus 4: Voorsetsels, voegwoorde, telwoorde	Lees die stukkie by Taalfokus 4 oor die voorsetsels, voegwoorde en telwoorde op bl. 58	Beantwoord Taalfokus 4 bl. 58 nr. 4, 5, 6
10			Bied ‘n weervoorspelling aan	1. DBO-boek, bl.71. Kyk na die weerkaart op bl. 70. Kies **<u>slegs drie</u>** provinsies en skryf neer wat jy oor hierdie provinsies se weer sal sê. 2. Beantwoord die vrae oor die grafiek op bl. 71.	
Besigbly-aktiwiteit: As jy verveeld is,doen die volgende in jou eie tyd:			DBO-boek: bl. 75, 76, 77, 85 (memo word einde volgende week gestuur)		

MEMORANDUM

DAG 6:

TREF MET TAAL

Hersien en leer idiome op gegewe bladsye

DAG 7:

Skryf ‘n toespraak

Verwys na bl. 12: Kenmerke van ‘n toespraak.

Toespraak moet op kaartjies wees (of gesnyde papier as daar nie karton by die huis is nie, moet asb. nie karton gaan koop nie)

DAG 8:

POST-LEES BL. 54 NR. 1 - 8

1. Bewolk en koud met 80% kans op reën. Minimum temperatuur is 12 ˚C. Maksimumtemperatuur is 14 ˚C.
2. Sutherland, -1 ˚C.
3. Nee, dit is baie koud. Dit gaan reën en baie winderig wees. Die windspoed is 35 knope.
4. Winter. Dit reën op baie plekke in die Kaap (tipiese winterweer) en die temperature is oral laag.
5. Motreën: ‘n Ligte reën; fyn reën. Kyk na simbool op bladsy 54 in die handboek.
6. In die koerant.
7. Ja, dit verskyn in die daaglikse koerant of ‘n mens kan ook na die weerkaart op die internet kyk. Die weer verander daagliks, daarom is daar elke dag ‘n nuwe kaart beskikbaar.
8. ‘n Afkappingsteken.

DAG 9:

Taalfokus 4 bl. 58 nr. 4 - 6

4a. ses – telwoord	b. vir – voorsetsel	c. want – voegwoord	
5a. omdat, en, maar, want	b. drie	c. aan	
6a. **sambreel**tjie	b. ge**reën**	c. **warm**ste	d. be**wolk**

DAG 10:

WEERVOORSPELLING

DBO-boek bl. 71, vul op die boonste gedeelte van die bladsy in. Kies SLEGS DRIE provinsies en skryf die weervoorspelling neer. Begin met die temperatuur en sê dan of dit reënerig, bewolk of sonnig gaan wees.

Hierdie is slegs 'n voorbeeld. Jy kon enige DRIE provinsies kies.

Noord-Kaap: Dit sal 'n koel dag in die Noord-Kaap wees met 'n minimum temperatuur van 17 ˚C en 'n maksimum temperatuur van 22 ˚C. Dit sal gedeeltelik bewolk wees met 'n suidwestelike wind teen 15km/h.

KwaZulu-Natal: Dit sal 'n warm dag in KwaZulu-Natal wees met 'n minimum temperatuur van 19 ˚C en 'n maksimum temperatuur van 26 ˚C. Daar sal donderstorms voorkom met 'n wind vanuit suidoostelike rigting teen 3 km/h.

Oos-Kaap: Dit sal 'n koel dag in die Oos-Kaap wees met 'n minimum temperatuur van 15 ˚C en 'n maksimum temperatuur van 22 ˚C. Daar sal reën voorkom met 'n sterk wind vanuit suidoostelike rigting teen 39 km/h.

Grafiek: Vul in op bl. 71

1. Desember
2. Julie
3. November – Februarie
4. 410 mm
5. Januarie en November; Februarie en Oktober; Maart en September; Mei en Junie
6. Julie
7. Augustus/September, want die saad moet in die grond wees, voordat dit begin reën.

Besigbly-aktiwiteit-memo word volgende week gestuur.